


# Registrasietendense van nuweling eerstejaars, 2014-2016

Institusionele Navorsing en Beplanning & Toelatingskantoor (Afdeling Voornemende Studente)

4 Maart 2016

## Oorsig

### Registrasietendense per bevolkingsgroep



### Registrasietendense in terme van taal, tuisprovinsie en aansoekpunt (2014 – 2016)

#### Huistaal:

Sterker groei in getal toelatings van studente met ander taal as Afrikaans as huistaal. Hierdie groep se registrasiekoers is egter laer as dié met Afrikaans as huistaal, en het sedert 2014 afgeneem.


#### Tuisprovinsie:

Toename in toelatings en registrasies van studente wat van buite die Wes-Kaap kom en 'n afname van studente vanuit die Wes-Kaap. Registrasiekoers van studente van buite die Wes-Kaap is egter laer as dié van die Wes-Kaap.

#### Aansoekpunt:

Hoë groeikoers in toelatings van bruin en swart studente in top prestasiegroep ( $\geq 80\%$ ), maar registrasiekoers in hierdie groep toon 'n sterk afname.

### Meningsopname: belangrikste faktore wat rol speel in besluit om nie te registreer



\*AfrMediaKultuur is 'n gegroepeerde faktor van Afrikaans as onderrigmedium, mediaberigte en US se kultuur, en dui aan of 'n student ten minste een van hierdie drie faktore gekies het. Vir agtergrond tot hierdie groepering sien afdeling 4.2. Soortgelyk is \*TeVer&Vervoer 'n groeperingsfaktor van die afstand van die US en vervoerprobleme na die kampus.

# 1 Inleiding en agtergrond

Die gestelde institusionele teiken van 37.2% verteenwoordiging van bruin, swart en Indiër (BSI) nuweling eerstejaars, is nie vanjaar bereik nie. Ten spyte daarvan dat daar in 2016 36% meer BSI-studente aansoek gedoen het tot die Universiteit Stellenbosch (US) en 9% meer BSI-studente voorwaardelik toegelaat is as in 2015, was die getal inskrywings van BSI- nuweling eerstejaars na afloop van die finale registrasietydperk<sup>1</sup> 7% laer as in die ooreenstemmende tydperk in 2015. Dit was ook 7% laer as die gestelde Junie-teiken<sup>2</sup>. Die registrasiekoers vir BSI-studente het met 4% gedaal.

In die lig van die daling in die registrasiekoers vir BSI-studente, is 'n meningsopname by BSI-studente wat voorwaardelik tot die US toegelaat is in 2015 en sou kon registreer in 2016, maar besluit het om nie te registreer nie, gedoen. Die doel van hierdie meningsopname is om vas te stel watter redes 'n rol in hul besluit om nie te registreer nie, gespeel het. Uiteindelik stel die ondersoek ook ten doel om aan die Universiteit op 'n institusionele vlak 'n aanduiding te gee watter aanpassings gemaak sou kon word om BSI-aansoekers se registrasiekoers te verhoog.

Ten einde die resultate van die meningsopname te kontekstualiseer, is daar ook 'n ondersoek geloods na registrasietendense van nuweling eerstejaars by die US oor die afgelope drie jaar. Tendense in getal voorwaardelike toelatings en registrasies asook registrasiekoerse word tov bevolkingsgroep, taal, tuisprovinsie, programkeuse en aansoekpunte rapporteer.

Vir die doel van hierdie verslag word aansoekendense nie ontleed nie. Tendense in aansoeke kan slegs sinvol evalueer word in die konteks van aansoeke wat aan die toelatingsvereistes van die aansoek-program voldoen. So 'n ontleding val egter buite die bestek van hierdie ondersoek.

## 2 Data

In hierdie verslag word gekyk na die tendense in terme van die getal voorwaardelike toegelate studente, die getal registrasies en die uiteindelijke registrasiekoerse van die 2014- tot 2016-innames. Die studentestatus en data wat in hierdie verslag gebruik word, kan soos volg gedefinieer of omskryf word:

- 'n Voorgraadse **nuwelingeerstejaar** (NE) is 'n student wat vir die betrokke jaar vir die eerste keer aan 'n hoëronderrysinstelling vir 'n voorgraadse program ingeskryf is.
- Die getal **toegelate studente** is gebaseer op dié studente wat teen einde Desember van die aansoekjaar voorwaardelik toegelaat is tot die US – dus voor die kansellaries wat in Januarie plaasvind met die bekendmaking van die Graad 12-punte.
- Die getal **registrasies** is gebaseer op diegene wat vir 'n voltydse voorgraadse program aan die US registreer het.
  - Vir 2015 en vroeër is die amptelike Junie-registrasiestatistiek geneem, omdat die inskrywingsteikens vir nuweling eerstejaars daarvoor gestel word. Hierdie ondersoek is egter voor Junie 2016 geloods, en is vir 2016 die registrasies na afloop van die finale registrasietydperk (middel Februarie) geneem. Gedurende 2014 en 2015 was die Junie-registrasies sowat 2% minder as die getal registrasies na afloop van die finale registrasietydperk. Dus kan die vergelykbare Junie-registrasiekoerse vir 2016 laer wees as wat in hierdie verslag rapporteer word.
  - Studente registreer nie noodwendig in dieselfde program as waarvoor hulle in Desember toegelaat is nie.

---

<sup>1</sup> Finale registrasietydperk eindig ongeveer middel Februarie; na afloop van die finale registrasietydperk word program- en modulewysigings nie meer toegelaat nie.

<sup>2</sup> Lees meer oor inskrywings in “2016 Nuwelingseerstejaar en voorgraadse inskrywings: Finale registrasieperiode”, Institusionele Navorsing en Beplanning, 15 Februarie 2016.


- Studente wat nie in Desember toegelaat is nie, kan in Januarie op grond van hul Graad 12-punte toegelaat word en wel registreer. Hulle word ingereken in die totale getal registrasies. Gedurende 2016 het hierdie groep 5% van die getal registrasies gevorm, en in 2013 en 2014 3% elk.
- Die **registrasiekoers** is gedefinieer as die totale getal registrasies gedeel deur die getal voorwaardelike toelatings in Desember.
- **Fakulteit Krygskunde** se toelatings en registrasies is nie in hierdie analise ingesluit nie.

### 3 Registrasietendense

#### 3.1 Registrasietendense per bevolkingsgroep

Die getal toegelate studente, getal registrasies, en registrasiekoers per bevolkingsgroep vir 2012 tot 2016 word in Tabel 2 in die bylae aangetoon.

Figuur 1 gee 'n grafiese voorstelling van die tendense vir 2014 tot 2016. Groeikoerse van 2014 tot 2016 word met pyltjies<sup>3</sup> aangetoon. In die bylae word die 2015 – 2016 groeikoerse ook aangedui.



Figuur 1: Toelatings, registrasies en registrasiekoers per bevolkingsgroep, 2014 tot 2016


<sup>3</sup> Let op dat beide die registrasiekoers en die verskil in registrasiekoers in die grafiese voorstelling afgerond vertoon word. Die verskil in registrasiekoers word bepaal vanaf die onafgeronde registrasiekoers.

<sup>4</sup> Persentasie groei in toelatings vanaf 2014 tot 2016, dws  $(2016 \text{ toelatings} - 2014 \text{ toelatings}) \div 2014 \text{ toelatings}$

<sup>5</sup> Verskil bereken as  $(\text{registrasiekoers in 2016} - \text{registrasiekoers in 2014})$

- Die grootste groei in terme van **voorwaardelike toelatings** sedert 2014 was vir **swart** studente – met 'n groei van ongeveer 31%. Hulle het egter die **grootste afname in registrasiekoers** getoon, met 'n afname van 32.6% in 2014 tot 26.1% in 2016 . Die grootste daling was tussen 2015 en 2016 (vyf persentasiepunte). Agv die daling in registrasiekoers het hulle registrasies vanaf 2014 tot 2016 met slegs 5% gegroei.
- Die **bruin- en Indiërstudente se** toelatings en registrasies het van 2014 tot 2015 afgeneem, maar weer na 2016 gestyg. **Bruin** studente se registrasiekoers het van 2014 tot 2015 konstant gebly, maar van 2015 tot 2016 met drie persentasiepunte afgeneem 55.9% tot 52.5%. **Indiër** studente se registrasiekoers het gewissel tussen 18.9% en 20.6%.
- **Wit** toelatings het van 2014 tot 2015 met 9% toegeneem, maar van 2015 tot 2016 met 5% afgeneem. **Wit** studente se registrasiekoers het van 2014 tot 2016 met een persentasiepunt afgeneem.
- Die 2016-registrasiekoers van bruin en wit studente (onderskeidelik 53% en 56%), is egter beduidend hoër as dié van die Indiër en swart studente.


Die daling in die gesamentlike registrasiekoers van **BSI-studente** van 40.9% in 2014 tot 36.0% in 2016, kan deels toegeskryf word aan die **verandering in die bevolkingsamestelling** van die toelatingspoel. Waar die swart studente 15.4% van die toelatings in 2014 gevorm het, het dit toegeneem tot 19.0% in 2016 (Figuur 2). Daarteenoor het die persentasie bruin en wit studente, met 'n hoër registrasiekoers, gekrimp.



Figuur 2: Verspreiding van toelatings per bevolkingsgroep, 2014 en 2016

### 3.2 Registrasietendense per huistaalgroep


Die getal toegelate studente, registrasies en registrasiekoers per huistaalgroepering (Afrikaans of nie-Afrikaans) vir 2012 tot 2016 word in Tabel 3 in die bylae aangetoon. Figuur 3 gee 'n grafiese voorstelling van die tendense vir 2014 tot 2016.



Figuur 3: Toelatings, registrasies en registrasiekoers per huistaalgroep, 2014 tot 2016

- Die grootste groei in terme van **voorwaardelike toelatings** sedert 2014 was vir diegene met 'n ander taal as Afrikaans as huistaal: dié toelatings het met 10% gegroei, terwyl die toelatings van dié met Afrikaans as huistaal met 3% afgeneem het.
- Die **registrasiekoers** van diegene met 'n ander huistaal as Afrikaans het van 2014 tot 2016 met vier persentasiepunte afgeneem van 43% tot 39%, met die grootste daling tussen 2015 en 2016. Die registrasiekoers vir huistaal Afrikaans het ongeveer konstant op 64% gebly.

Figuur 4 toon die verspreiding van **toelatings** per huistaalgroep. In 2016 is persentasiegewys meer studente met 'n ander huistaal as Afrikaans toegelaat as in 2014. Dus is 'n groter persentasie studente met 'n laer registrasiekoers toegelaat, wat dus ook bydra tot die algehele daling in registrasiekoers.




Figuur 4: Verspreiding van toelatings per huistaalgroep, 2014 en 2016

### 3.3 Registrasietendense per huistaal en bevolkingsgroep

Vervolgens word na die registrasietendense tov die kombinasie in bevolkingsgroep en huistaal gekyk. Weinig Indiër en swart studente het Afrikaans as huistaal. Dus word in hierdie ondersoek slegs gekyk na die kombinasie van bevolkingsgroep en huistaal vir bruin en wit studente.


Tabel 4 in die bylae dui die getal toelatings, registrasies en registrasiekoerse vir 2012 tot 2016. Figuur 5 gee 'n grafiese voorstelling van die 2014 tot 2016 tendense.



Figuur 5: Toelatings, registrasies en registrasiekoers vir bruin en wit studente per huistaalgroep, 2014 tot 2016

- **Bruin** studente met **Afrikaans** as huistaal het sedert 2014 die **grootste daling** in getal toelatings en registrasies gehad (onderskeidelik 22% en 21%). Hul registrasiekoers het egter gewissel: van 2014 tot 2015 toegeneem van 58.5% tot 62.5%, en daarna weer teruggesak na 59.8% in 2016.
- Die getal toelatings van **bruin** studente met 'n **ander huistaal** as Afrikaans het met 9% toegeneem. Hierdie groep het se registrasiekoers het egter met vyf persentasiepunte gedaal van 54% tot 49%. Gevolglik het die getal registrasies met 1% afgeneem.
- By **wit** studente het die registrasiekoers van studente met Afrikaans as huistaal ongeveer konstant gebly: gewissel tussen 65.2% en 65.5%.
- **Wit** studente met 'n **ander huistaal** as Afrikaans se registrasiekoers het afgeneem van 49.3% in 2014 tot 46.6% in 2016.


Figuur 6 toon die verspreiding per huistaalgroep van die toegelate bruin en wit studente. By bruin studente het die persentasie met Afrikaans as huistaal van 39% in 2014 tot 31% in 2016 afgeneem. By wit studente was verspreiding in 2014 egter soortgelyk aan dié in 2016.



Figuur 6: Verspreiding van toelatings vir bruin en wit studente per huistaalgroep, 2014 en 2016

### 3.4 Registrasietendense per tuisprovinsie


Die getal toegelate studente, getal registrasies, en registrasiekoers per tuisprovinsie (Wes-Kaap of nie) en bevolkingsgroep vir 2012 tot 2016 word in Tabel 6 in die bylae aangetoon. Figuur 7 gee 'n grafiese voorstelling van die tendense per tuisprovinsie vir 2014 tot 2016.



Figuur 7: Toelatings, registrasies en registrasiekoers per tuisprovinsie, 2014 tot 2016

- Die getal toelatings en registrasies van studente **buite die Wes-Kaap** het van 2014 tot 2016 met onderskeidelik 12% en 5% toegeneem. Die Wes-Kaapse toelatings en registrasies het effens toegeneem van 2014 tot 2015, maar daarna van 2015 tot 2016 afgeneem tot onder 2014 vlakke.

Figuur 8 toon die registrasiekoers per bevolkingsgroep en tuisprovinsie. Getalle tov toelatings en registrasies word in Tabel 6 in die bylae aangetoon.




Figuur 8: Registrasiekoers per bevolkings- en tuisprovinsiegroep, 2014 tot 2016

- Vir al die bevolkingsgroepe is die registrasiekoers van diegene uit die Wes-Kaap hoër as diegene van buite die Wes-Kaap.
- **Swart studente van buite die Wes-Kaap** is die groep wat die grootste daling in registrasiekoers tussen 2014 en 2016 getoon het (van 30% tot 23%). Hulle is egter die groep wat die grootste groei in terme van toelatings (37%) oor hierdie tydperk getoon het. In 2016 was 85% van swart toelatings van buite die Wes-Kaap.
- Daarteenoor het die registrasiekoers van **swart studente** vanuit die **Wes-Kaap** slegs 'n geringe daling van 43% na 42% getoon. Daar was egter die afgelope drie jaar bykans geen groei in die toelatings van hierdie groep nie.
- **Bruin, Indiër en wit** studente van buite die Wes-Kaap het almal 'n groter groei in terme van toelatings getoon, as dié wat vanuit die Wes-Kaap kom.

### 3.5 Registrasietendense per aansoekkeuse

Die getal toegelate studente, getal registrasies, en registrasiekoers per aansoekkeuse vir 2012 tot 2016 word in Tabel 7 in die bylae aangetoon. Die registrasiekoerse word grafies voorgestel in Figuur 9.

- Die registrasiekoers vir diegene wat vir hul eerste aansoekkeuse toegelaat is, is beduidend hoër as diegene wat vir hul tweede of derde aansoekkeuse toegelaat is.
- In 2015 was die persentasie eerste keuse toelatings 66.0%, terwyl dit in 2016 63.7% was. Die afname in persentasie eerste keuse toelatings het ook bygedra tot die daling in die algehele registrasiekoers.
- Daar was van 2015 tot 2016 'n 46% toename in volledige aansoekkeuse vir 'n program in die Gesondheidswetenskappe (Tabel 1); dit kon bygedra het tot 'n groter toename in tweede en derde keuse toelatings in 2016.




Figuur 9: Registrasiekoers per aansoekkeuse, 2014 tot 2016

### 3.6 Registrasiekoers per aansoekpunt

Studente is volgens hulle aansoekpunt<sup>6</sup> in drie kategorieë verdeel, naamlik diegene met 'n aansoekpunt van minder as 70%, 70-79% en 80% en meer. Die getal toegelate studente, getal registrasies en registrasiekoers per aansoekpunt-kategorie (vir alle bevolkingsgroep) word in Tabel 7 in die bylae aangetoon. Dit word in Figuur 10 grafies voorgestel.

- Diegene met 'n **aansoekpunt van 80% en meer** het die **grootste groei in toelatings** getoon, naamlik 22%. Hulle registrasiekoers het egter afgeneem van 52% tot 48%. Gevolglik het hulle registrasies met slegs 13% toegeneem.
- Die registrasiekoers van diegene met 'n aansoekpunt van tussen 70% en 79% het met vyf persentasiepunte afgeneem, terwyl dié met 'n aansoekpunt van minder as 70% ongeveer dieselfde gebly het.




Figuur 10: Toelatings, registrasies en registrasiekoers per aansoekpunt, 2014 tot 2016

Die getal toelatings en registrasies, asook registrasiekoerse per aansoekpunt-kategorie en bevolkings-groep word in Tabel 7 in die bylae aangetoon.

Die tendense **per bevolkingsgroep** van die **toppresteerders (aansoekpunt van 80% of meer)** word in Figuur 11 grafies voorgestel.

<sup>6</sup> Indien 'n student gedurende sy of haar matriekjaar aansoek gedoen het, is die Graad 11-gemiddeld as die aansoekpunt geneem, so nie die Graad 12-gemiddeld.






Figuur 11: Toelatings, registrasies en registrasiekoerse per bevolkingsgroep van studente met 'n aansoekpunt van  $\geq 80\%$ , 2014 tot 2016

Die belangrikste tendense vir toppresterders was soos volg:

- **Swart studente** se toelatings het van 202 in 2014 tot 340 in 2016 toegeneem (68%). Hulle registrasiekoers het egter van 36% tot 24% afgeneem, met die grootste daling tussen 2015 en 2016. Gevolglik het hul registrasies slegs van 77 tot 81 toegeneem.
- **Bruin studente** se toelatings het van 202 tot 227 toegeneem (14%), terwyl die getal registrasies met 8% afgeneem het. Die registrasiekoers het van 70% tot 57% afgeneem.
- By **wit studente** het die toelatings met 22% gestyg, en die registrasies met 17%. Die registrasiekoers het van 59% tot 56% afgeneem. Wit studente vorm egter nog steeds die oorgrootte meerderheid in terme van toelatings en registrasies (onderskeidelik 71% en 82% in 2016) – sien Figuur 12.



Figuur 12: Verspreiding van 2016 toelatings en registrasies per bevolkingsgroep vir studente met 'n aansoekpunt van  $\geq 80\%$


## 4 Meningsopname

### 4.1 Agtergrond tov die vraelys

'n Elektroniese vraelys is aan die begin van Februarie 2016 uitgestuur aan alle BSI nuweling eerstejaars wat teen einde Desember 2015 voorwaardelik toegelaat is en op grond van hulle matriekresultate in Januarie kon registreer, maar nie geregistreer het nie. Studente wat vir 'n program in Gesondheidswetenskappe aansoek gedoen het, maar nie gekeur is nie, is uitgesluit<sup>7</sup>.

Om die responskoers te verhoog, is 'n vraelys aan beide die student en ouers gestuur (waar hulle verskillende e-pos adresse gehad het). Sowat 2% van die studente het nie oor 'n e-pos adres beskik nie, en is dus nie in die meningsopname ingesluit nie. Die vraelys is aan 1 646 studente en/of hul ouers gestuur.

In totaal is reponse van 565 (34%) studente en/of hul ouers ontvang, waarvan 539 redes vir nie-registrasie aangedui het. Waar beide die student en ouer die vraelys ingevul het, is vir verdere statistiese analise hul response gekonsolideer tot een rekord. Figuur 13 gee die verspreiding van response tussen studente en ouers.



Figuur 13: Verspreiding van response tussen studente en ouers

'n Soortgelyke opname is in 2013 gedoen. Die meningsopname was toe onder beide wit en BSI-studente gedoen, elektronies en per landpos gedoen. Die responskoers onder BSI-studente was toe 39%.

### 4.2 Vernaamste faktore wat invloed gehad het op die besluit om nie te registreer nie

Respondente kon drie redes vir nie-registrasie kies uit 'n vooraf gedefinieerde lys van 14 faktore. Daar was ook ruimte om enige ander rede te spesifiseer. Die lys van faktore word in die Bylae in afdeling 6.1 gegee.

Die statistiese tegniek faktoranalise ("Factor analysis") kan gebruik word om vas te stel of daar onderlinge verwantskappe tussen verskillende items in 'n vraelys bestaan, en dus of sommige groeperings van vroeë inherent dieselfde onderliggende eienskap meet. Hierdie tegniek is met behulp van Statistica gebruik om vas te stel of van hierdie veertien faktore saamgegroepeer kan word.

Die belangrikste groeperingsfaktor wat uitgewys is, was 'n kombinasie van die drie faktore Afrikaans as onderrigmedium, mediaberigte en die US se kultuur. 'n Gegroepeerde faktor **\*AfrMediaKultuur** is dus geskep om die gesamentlike effek van hierdie drie faktore weer te gee. In hierdie verslag dui hierdie gegroepeerde faktor aan of 'n respondant ten minste een van hierdie drie faktore gekies het.

<sup>7</sup> In 'n soortgelyke opname wat in 2012 gedoen is, is gevind dat studente wat nie keuring vir Gesondheidswetenskappe kry nie, se vernaamste rede vir nie-registrasie nie-keuring is.


'n Tweede groeperingsfaktor wat uitgewys is, was die afstand van die US en vervoerprobleme na die kampus. Hierdie twee faktore is saam groepeer as **\*TeVer&Vervoer**. 'n Grafiese voorstelling van die groepering van die faktore word in Figuur 19 in die bylae aangetoon.

In hierdie verslag word beide die groeperingsfaktore en die response op die individuele faktore aangetoon.

#### 4.2.1 Algeheel

Figuur 14 dui die faktore aan wat aanleiding gegee het tot nie-registrasie, in volgorde van belangrikheid.

- Die groeperingsfaktor **\*AfrMediaKultuur** was die belangrikste faktor. Dus het 42% van die respondente ten minste een van die drie faktore **Afrikaans as onderrigmedium, mediaberigte en/of US kultuur** gekies. Afrikaans (30%) was die belangrikste van hierdie drie faktore. In die 2013-meningsopname het 37% Afrikaans as belangrikste rede aangetoon.
- Die groeperingsfaktor **\*TeVer&Vervoer** (30%) en nie voldoende **finansiële ondersteuning** (23%) nie, was verder van die vernaamste redes.



Figuur 14: Faktore wat aanleiding gegee het tot nie-registrasie, alle respondente

In die **geskrewe kommentaar** het net meer as die helfte aangedui dat hulle ook by 'n ander universiteit toegelaat is, en besluit het om eerder daar te studeer. Die redes het gewissel: sommige het aangedui dat die US uit die staanspoor nie hulle eerste keuse was nie ("I wanted to go to a different university, stellas was just a back up"). Ander het aangedui dat die ander universiteit nader is, of dat hulle by 'n ander universiteit toelating tot hul voorkeur programkeuse verkry het, en nie by die US nie.


Veral swart studente het kommentaar gelewer tov taal en kultuur, by "My daughter decided not to come to SU because she is no fluent in Afrikaans", "Stellenbosch University isn't well integrated" en "stories of a racist atmosphere at the university reported by students themselves". Een respondent het die luistervideo as rede aangevoer.

Finansiële oorwegings is ook as rede aangevoer: twee respondente het genoem dat hulle 'n werwingsbeurs aangebied is, maar dat dit nie voldoende was om hulle verblyf ook te dek nie.

#### 4.2.2 Per bevolkingsgroep

Verskillende tendense is per bevolkingsgroep verkry:

- Vir beide die swart en Indiër respondente was die gegroepeerde faktor **\*AfrMediaKultuur** (dws Afrikaans as onderrigmedium, mediaberigte en kultuur) die belangrikste rede – met 56% van die swart en 48% van die Indiër studente wat ten minste een van hierdie drie faktore gekies het. Dit het egter 'n kleiner rol gespeel by bruin respondente, waar 22% ten minste een van hierdie drie faktore gekies het.
- **Finansies** het by bruin en swart respondente (26%) 'n groter rol gespeel as by Indiër respondente (8%).
- Die gegroepeerde faktor **\*TeVer&Vervoer** was by bruin (44%) respondente die belangrikste en by Indiër respondente (38%) die tweede belangrikste faktore. Die oorgrootte meerderheid van die bruin studente (85%) is vanuit die Wes-Kaap.



Figuur 15: Faktore wat aanleiding gegee het tot nie-registrasie, verdeel volgens bevolkingsgroep

#### 4.2.3 Huistaal


Van die 539 respondente het slegs 35 (6%) Afrikaans as huistaal gehad. Diegene met Afrikaans as huistaal was oorwegend bruin, en het ongeveer 16% van die bruin respondente uitgemaak. As gevolg van die klein persentasie met Afrikaans as huistaal, is die response nie per huistaal ontleed nie.

#### 4.2.4 Afrikaans as Graad 12-vak

Feitlik alle bruin (99%) en Indiër (93%) respondente het Afrikaans as vak in Graad 12 gehad, maar slegs 42% van die swart respondente. Swart studente het Afrikaans as belangrikste enkele rede vir nie-registrasie aangedui, ongeag of hul Afrikaans as skoolvak gehad het of nie: met Afrikaans as vak het 43% dié faktor gekies, sonder Afrikaans as vak het 44% dit gekies.

#### 4.2.5 Per prestasiegroep

Respondente is op grond van hul aansoekpunt<sup>8</sup> in drie kategorieë verdeel, naamlik diegene met minder as 70%, 70-79% en 80% en meer. Die faktore word in volgorde van belangrikheid vir hierdie drie kategorieë in Figuur 16 aangetoon.




Figuur 16: Faktore wat aanleiding gegee het tot nie-registrasie, verdeel volgens aansoekpunt

- Die gegroepeerde faktor **\*AfrMediaKultuur** was by al drie aansoekpunt-kategorieë die belangrikste faktor. Persentasiegewys het egter meer respondente in die 80%+ kategorie dit as rede gekies (51%) as die ander twee groepe (onderskeidelik 40% vir die 70-79%-kategorie en 34% vir die minder as 70%-kategorie).
- Die gegroepeerde faktor **\*TeVer&Vervoer** was ongeag die prestasie kategorie een van die belangrikste faktore, en is deurgaans deur bykans 30% van die respondente gekies.
- **Koshuisplek, nie toegelaat vir eerste programkeuse en finansies / beurs** het na verhouding 'n groter rol gespeel by die kategorie met 'n aansoekpunt van minder as 70%. Toekenning van koshuisplek en beurse, sowel as toelating tot programme geskied op grond van akademiese meriete, en is dit dus ook te wagte dat hierdie faktore 'n groter rol by hierdie aansoekgroep sou speel.

#### 4.3 Wat student vanjaar doen

Die oorgrootte meerderheid (92.4%) van respondente studeer vanjaar verder. Van diegene wat studeer, studeer 99% voltyds. Verder studeer 97% aan 'n universiteit, en die res by universiteit van tegnologie, kollege of ander instansie.


<sup>8</sup> Aansoekpunt: vir respondente wat in 2015 matrikuleer het, is die aansoekpunt as die gemiddelde Graad 11-punt geneem; vir die res die gemiddelde Graad 12-punt



Figuur 17: Wat respondente vanjaar doen

Van diegene wat aan 'n universiteit studeer, studeer ongeveer die helfte by die Universiteit Kaapstad (UCT) (sien Figuur 18).

- 65% van die bruin studente is na UCT, en 21% na Universiteit van die Wes-Kaap (UWK)
- 42% van die swart studente is na UCT, terwyl 21% na Universiteit Pretoria (UP) en 14% na Universiteit van Witwatersrand (Wits) is.



Figuur 18: Universiteit waar studente studeer, verdeel volgens bevolkingsgroep

## 5 Samevatting

### 5.1 Tendense tov registrasiekoers van BSI-studente

Van die belangrikste tendense met betrekking tot die registrasiekoers van BSI-studente, kan soos volg saamgevat word:

- 5.1.1 Ten spyte van beduidende groei in aansoeke en toelating van BSI-studente in die afgelope drie inname-jare, het die **registrasiekoerse gedaal**. Daar was dus 'n toename in die belangstelling om aan die US te studeer, maar uiteindelik het 'n beduidende groep BSI-studente nie tot die US toegetree nie.
- 5.1.2 Die grootste **groei** in bevolkingsdiversiteit vir die 2014- en 2015-inname jare was **swart studente** buite die Wes-Kaap. Hierdie groep het egter die grootste afname in registrasiekoers getoon en 'n beduidende impak op die laer registrasiekoers van BSI-studente vir die 2016-innamejaar gehad.
- 5.1.3 Daar was 'n hoë groeikoers in toelatings van bruin en swart studente in **top prestasiegroep** ( $\geq 80\%$ ), maar registrasiekoers in hierdie groep het 'n sterk afname getoon.
- 5.1.4 Wat die **meningsopname** betref, was dit duidelik die persepsie of beeld van die Universiteit as 'n Afrikaanse instelling met 'n kultuur waar alle studente nie noodwendig tuis voel nie, en wat deur negatiewe publisiteit in die media versterk is, die belangrikste rede is waarom swart studente nie tot die Universiteit toegetree het nie.
- 5.1.5 Vir bruin studente was afstand, vervoer en finansiële redes die sterkste oorweging vir nie-registrasie.

## 5.2 Aanbevelings

Enkele aanbevelings kan gemaak word:

- 5.2.1 **Analises per bevolkingsgroep:** Die registrasietendense verskil beduidend tussen bruin, Indiër en swart studente. Ten einde die implikasies van registrasie-tendense effektief te verreken, behoort analises per bevolkingsgroep gemaak en interpreteer te word, en nie slegs vir die groep as geheel (die "BSI-groep") nie.
- 5.2.2 **Inskrywingsbestuur:** Registrasie-tendense verskil ook van fakulteit tot fakulteit en behoort fakulteitspesifiek geïnterpreteer te word. Die fakulteitspesifieke analises het ook 'n impak op die vasstelling van oorboekkoerse in terme van inskrywingsteikens. In hierdie verband sal fakulteitspesifieke registrasie-tendense ook beskikbaar gestel word.
- 5.2.3 **Beeld en persepsie van die US:** Sterker bestuur van die beeld en persepsie van die US as Afrikaanse universiteit wat nie 'n welkome tuiste vir veral swart studente is nie, is nodig. In hierdie opsig is ons eie studente se ervaring (*lived-experience*) veral belangrik.
- 5.2.4 **Vervoer, afstand en finansiële steun:** Die US is 'n residensiële Universiteit en afstand, vervoer en verblyf impliseer addisionele onkoste. In hierdie opsig sou die uitbreiding van 'n finansiële aanbod wat ook verblyf insluit, nodig wees.
- 5.2.5 **Wewingsfokus op registrasie:** Vanuit 'n wewingsperspektief behoort daar groter fokus op die registrasie van voorwaardelik toegelate studente geplaas te word. In hierdie verband is dit egter belangrik om in ag te neem dat faktore soos finansiële ondersteuning, afstand, beperkte plek in koshuise, die impak van die taalbeleid en die persepsie van 'n onwelkome kultuur nie veranderlikes is wat 'n wewingsplan kan beheer nie.
- 5.2.6 **Uitbreiding van die marksegment:** Ten einde die marksegment vir die US uit te brei, behoort daar 'n groter wewingsfokus op swart studente buite die Wes-Kaap te wees – in ag genome dat dit die groep is met die laagste registrasiekoerse. Terselfdertyd behoort die groep bruin studente in die Wes-Kaap gediens te word ten einde die marksegment te behou en die registrasiekoerse verder te verhoog. In hierdie opsig moet ook in ag geneem word dat die groep bruin studente met huistaal in Afrikaans aan die krimp is, terwyl meer bruin studente met Engels as huistaal, toelating tot die Universiteit kry.

Loumarie Kistner  
Institusionele Navorsing en Beplanning  
Lkistner@sun.ac.za

Celeste Nel  
Toelatingskantoor (Afdeling Voornemende Studente)  
cswan@sun.ac.za

## 6 Bylae

### 6.1 Vraelys

\* Die persoon wat hierdie vraelys invul, is:

- Student self
- Ouer of voog (namens student)
- Ander (spesifiseer):

\* Watter faktore het 'n invloed gehad op die besluit om nie in 2016 aan die US te studeer nie?

Selekteer 'n minimum van een en 'n maksimum van drie faktore.

- Berigte in media oor US het gelei tot besluit om nie te registreer nie.
- Het nie voldoende finansiële ondersteuning om aan die US te studeer nie.
- Het 'n beursaanbod van 'n ander universiteit of opleidingsinstansie ontvang.
- Die klasse aan US word hoofsaaklik in Afrikaans onderrig.
- Het aansoek gedoen vir 'n koshuisplek by US maar nie koshuisakkommodasie ontvang nie.
- Het wel koshuisakkommodasie gekry maar kon nie die koshuisdeposito bekostig nie.
- Stellenbosch is te ver van ouerhuis af.
- Het vervoerprobleme na en van die US-kampus.
- Het nie toelating of keuring tot eerste programkeuse by die US ontvang nie.
- Matriek-eindeksamenpunte was nie voldoende vir toelating tot die US of die program wat studeer wou word nie.
- Die studierigting waarin wou studeer word nie by US aangebied nie..
- Die administrasie en/of diens van die US was swak
- Voel dat nie by die kultuur van die US sou inpas nie.
- Het besluit om eerder 'n gap-jaar te neem en studies uit te stel
- Ander (spesifiseer):

\* Wat doen jy (student) in 2016?

- Studeer elders.
- Doen brugprogram om matriekresultate te verbeter
- Werk
- Gap-jaar
- Ander (spesifiseer):

Indien aangedui is dat elders studeer, is volgende vrae ook vertoon:

In die vorige vraag het jy aangedui dat jy (student) vanjaar verder studeer. Dui asseblief aan by watter tipe instansie.

- Ander Universiteit
- Universiteit van Tegnologie
- Kollege
- Privaat instansie

Studeer jy voltyds of deelyds?

- Voltyds
- Deelyds

Indien aangedui is dat by 'n ander universiteit studeer, is universiteit gevra:

Dui aan by watter universiteit jy studeer.

- Universiteit van Kaapstad (UK)
- Universiteit van Wes-Kaap (UWC)
- Universiteit van die Vrystaat (UV)
- Noordwes Universiteit (NWU)
- Universiteit van Pretoria (UP)
- Universiteit van Johannesburg (UJ)
- Universiteit van Witwatersrand (Wits)
- Universiteit van KwaZulu-Natal (UKZN)
- Nelson Mandela Metropolool Universiteit (NMMU)
- Rhodes Universiteit (RU)
- Ander (Spesifiseer):



## 6.2 Tabelle

Tabel 1: Eerste keuse volledige aansoeke teen Desember van aansoekjaar (kontroleer)

Fakulteit	2015-inname			2016-inname		
	BSI	Wit	Totaal	BSI	Wit	Totaal
Lettere en Sosiale Wetenskappe	1 186	1 675	2 861	1 486	1 765	3 251
Natuurwetenskappe	647	757	1 404	713	743	1 456
Opvoedkunde	396	393	789	586	475	1 061
Agriwetenskappe	294	432	726	271	516	787
Regsgeleerdheid	478	279	757	747	276	1 023
Teologie	60	22	82	43	25	68
Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe	1 424	2 111	3 535	1 675	2 259	3 934
Ingenieurswese	852	1 103	1 955	1 200	1 172	2 372
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	1 824	1 227	3 051	2 997	1 425	4 422
<b>Totaal</b>	<b>7 161</b>	<b>7 999</b>	<b>15 160</b>	<b>9 718</b>	<b>8 656</b>	<b>18 374</b>

Tabel 2: Getal toelatings en registrasies, registrasie- en groeikoerse per bevolkingsgroep

Toegelaat	Getal studente					Groeikoers	
	2012	2013	2014	2015	2016	2014-2016	2015-2016
<b>BSI</b>	<b>2 230</b>	<b>3 256</b>	<b>4 298</b>	<b>4 288</b>	<b>4 693</b>	<b>9.2%</b>	<b>9.4%</b>
Bruin	1 149	1 622	1 982	1 854	1 915	-3.4%	3.3%
Indiër	297	446	757	646	743	-1.8%	15.0%
Swart	784	1 188	1 559	1 788	2 035	30.5%	13.8%
<b>Wit</b>	<b>5 265</b>	<b>5 623</b>	<b>5 828</b>	<b>6 329</b>	<b>5 995</b>	<b>2.9%</b>	<b>-5.3%</b>
<b>Totaal</b>	<b>7 495</b>	<b>8 879</b>	<b>10 126</b>	<b>10 617</b>	<b>10 688</b>	<b>5.6%</b>	<b>0.7%</b>
<b>Registrasies</b>	<b>2012</b>	<b>2013</b>	<b>2014</b>	<b>2015</b>	<b>2016</b>	<b>2014-2016</b>	<b>2015-2016</b>
<b>BSI</b>	<b>928</b>	<b>1 344</b>	<b>1 760</b>	<b>1 714</b>	<b>1 688</b>	<b>-4.1%</b>	<b>-1.5%</b>
Bruin	578	816	1 108	1 031	1 006	-9.2%	-2.4%
Indiër	66	95	143	133	150	4.9%	12.8%
Swart	284	433	509	550	532	4.5%	-3.3%
<b>Wit</b>	<b>3 049</b>	<b>3 110</b>	<b>3 318</b>	<b>3 530</b>	<b>3 337</b>	<b>0.6%</b>	<b>-5.5%</b>
<b>Totaal</b>	<b>3 977</b>	<b>4 454</b>	<b>5 078</b>	<b>5 244</b>	<b>5 025</b>	<b>-1.0%</b>	<b>-4.2%</b>
<b>Registrasiekoers</b>	<b>2012</b>	<b>2013</b>	<b>2014</b>	<b>2015</b>	<b>2016</b>		
<b>BSI</b>	<b>41.6%</b>	<b>41.3%</b>	<b>40.9%</b>	<b>40.0%</b>	<b>36.0%</b>		
Bruin	50.3%	50.3%	55.9%	55.6%	52.5%		
Indiër	22.2%	21.3%	18.9%	20.6%	20.2%		
Swart	36.2%	36.4%	32.6%	30.8%	26.1%		
<b>Wit</b>	<b>57.9%</b>	<b>55.3%</b>	<b>56.9%</b>	<b>55.8%</b>	<b>55.7%</b>		
<b>Totaal</b>	<b>53.1%</b>	<b>50.2%</b>	<b>50.1%</b>	<b>49.4%</b>	<b>47.0%</b>		

Tabel 3: Getal toelatings en registrasies, registrasie- en groeikoerse per huistaalgroepering

Toegelaat	Getal studente					Groeikoers	
	2012	2013	2014	2015	2016	2014-2016	2015-2016
Afrikaans	3 709	3 726	3 602	3 546	3 495	-3.0%	-1.4%
Nie-Afrikaans	3 786	5 153	6 524	7 071	7 193	10.3%	1.7%
<b>Totaal</b>	<b>7 495</b>	<b>8 879</b>	<b>10 126</b>	<b>10 617</b>	<b>10 688</b>	<b>5.6%</b>	<b>0.7%</b>
<b>Registrasies</b>	<b>2012</b>	<b>2013</b>	<b>2014</b>	<b>2015</b>	<b>2016</b>	<b>2014-2016</b>	<b>2015-2016</b>
Afrikaans	2 328	2 318	2 293	2 287	2 251	-1.8%	-1.6%
Nie-Afrikaans	1 649	2 136	2 785	2 957	2 774	-0.4%	-6.2%
<b>Totaal</b>	<b>3 977</b>	<b>4 454</b>	<b>5 078</b>	<b>5 244</b>	<b>5 025</b>	<b>-1.0%</b>	<b>-4.2%</b>
<b>Registrasiekoers</b>	<b>2012</b>	<b>2013</b>	<b>2014</b>	<b>2015</b>	<b>2016</b>		
Afrikaans	62.8%	62.2%	63.7%	64.5%	64.4%		
Nie-Afrikaans	43.6%	41.5%	42.7%	41.8%	38.6%		
<b>Totaal</b>	<b>53.1%</b>	<b>50.2%</b>	<b>50.1%</b>	<b>49.4%</b>	<b>47.0%</b>		

Tabel 4: Getal toelatings en registrasies, registrasie- en groeikoerse per huistaalgroepering vir bruin en wit studente

Toegelaat	Getal studente					Groeikoers	
	2012	2013	2014	2015	2016	2014-2016	2015-2016
<b>Afrikaans</b>	<b>3 709</b>	<b>3 726</b>	<b>3 602</b>	<b>3 546</b>	<b>3 495</b>	<b>-3.0%</b>	<b>-1.4%</b>
Bruin	566	703	772	627	600	-22.3%	-4.3%
Wit	3 106	2 994	2 813	2 900	2 869	2.0%	-1.1%
<b>Nie-Afrikaans</b>	<b>3 786</b>	<b>5 153</b>	<b>6 524</b>	<b>7 071</b>	<b>7 193</b>	<b>10.3%</b>	<b>1.7%</b>
Bruin	583	919	1 210	1 227	1 315	8.7%	7.2%
Wit	2 159	2 629	3 015	3 429	3 126	3.7%	-8.8%
<b>Totaal</b>	<b>7 495</b>	<b>8 879</b>	<b>10 126</b>	<b>10 617</b>	<b>10 688</b>	<b>4.7%</b>	<b>-0.1%</b>
<b>Registrasies</b>							
<b>Afrikaans</b>	<b>2 328</b>	<b>2 318</b>	<b>2 293</b>	<b>2 287</b>	<b>2 251</b>	<b>-1.8%</b>	<b>-1.6%</b>
Bruin	285	388	452	392	359	-20.6%	-8.4%
Wit	2 030	1 917	1 833	1 888	1 880	2.6%	-0.4%
<b>Nie-Afrikaans</b>	<b>1 649</b>	<b>2 136</b>	<b>2 785</b>	<b>2 957</b>	<b>2 774</b>	<b>-0.4%</b>	<b>-6.2%</b>
Bruin	293	428	656	639	647	-1.4%	1.3%
Wit	1 019	1 193	1 485	1 642	1 457	-1.9%	-11.3%
<b>Totaal</b>	<b>3 977</b>	<b>4 454</b>	<b>5 078</b>	<b>5 244</b>	<b>5 025</b>	<b>-1.0%</b>	<b>-4.2%</b>
<b>Registrasiekoers</b>							
<b>Afrikaans</b>	<b>62.8%</b>	<b>62.2%</b>	<b>63.7%</b>	<b>64.5%</b>	<b>64.4%</b>		
Bruin	50.4%	55.2%	58.5%	62.5%	59.8%		
Wit	65.4%	64.0%	65.2%	65.1%	65.5%		
<b>Nie-Afrikaans</b>	<b>43.6%</b>	<b>41.5%</b>	<b>42.7%</b>	<b>41.8%</b>	<b>38.6%</b>		
Bruin	50.3%	46.6%	54.2%	52.1%	49.2%		
Wit	47.2%	45.4%	49.3%	47.9%	46.6%		
<b>Totaal</b>	<b>53.1%</b>	<b>50.2%</b>	<b>50.1%</b>	<b>49.4%</b>	<b>47.0%</b>		

Tabel 5: Getal en persentasie toegelate studente , getal registrasies, registrasiekoers per programkeuse

Toegelaat	Getal studente					Groeikoers	
	2012	2013	2014	2015	2016	2014-2016	2015-2016
1ste keuse	5 384	6 117	6 516	7 011	6 809	4.5%	-2.9%
2de keuse	1 534	2 216	2 687	2 639	2 919	8.6%	10.6%
3de keuse	572	543	923	967	960	4.0%	-0.7%
<b>Totaal</b>	<b>7 495</b>	<b>8 879</b>	<b>10 126</b>	<b>10 617</b>	<b>10 688</b>	<b>5.6%</b>	<b>0.7%</b>
<b>Registrasies<sup>9</sup></b>	<b>2012</b>	<b>2013</b>	<b>2014</b>	<b>2015</b>	<b>2016</b>	<b>2014-2016</b>	<b>2015-2016</b>
1ste keuse	3 291	3 525	3 749	3 965	3 613	-3.6%	-8.9%
2de keuse	510	718	920	859	839	-8.8%	-2.3%
3de keuse	162	171	266	271	260	-2.3%	-4.1%
<b>Totaal</b>	<b>3 977</b>	<b>4 454</b>	<b>5 078</b>	<b>5 244</b>	<b>5 025</b>	<b>-1.0%</b>	<b>-4.2%</b>
<b>Registrasiekoers</b>	<b>2012</b>	<b>2013</b>	<b>2014</b>	<b>2015</b>	<b>2016</b>		
1ste keuse	61.1%	57.6%	57.5%	56.6%	53.8%		
2de keuse	33.2%	32.4%	34.2%	32.6%	29.8%		
3de keuse	28.3%	31.5%	28.8%	28.0%	27.6%		
<b>Totaal</b>	<b>53.1%</b>	<b>50.2%</b>	<b>50.1%</b>	<b>49.4%</b>	<b>47.0%</b>		


<sup>9</sup> Die registrasies per aansoekkeuse kan slegs aangetoon word vir diegene wat teen Desember toegelaat is. In 2016 was ongeveer 3% van die registrasies studente wat nie teen Desember toegelaat is nie (in 2015 was dit 1.4%).

Tabel 6: Getal toelatings en registrasies, registrasie- en groeikoerse per tuisprovinsie en bevolkingsgroep

Toegelaat	Getal studente					Groeikoers	
	2012	2013	2014	2015	2016	2014-2016	2015-2016
<b>Buite Wes-Kaap</b>	<b>3 572</b>	<b>4 390</b>	<b>5 303</b>	<b>5 550</b>	<b>5 932</b>	<b>11.9%</b>	<b>6.9%</b>
Bruin	207	259	327	323	338	3.4%	4.6%
Indiër	208	316	605	502	607	0.3%	20.9%
Swart	620	937	1 263	1 470	1 735	37.4%	18.0%
Wit	2 537	2 878	3 108	3 255	3 252	4.6%	-0.1%
<b>Wes-Kaap</b>	<b>3 923</b>	<b>4 489</b>	<b>4 823</b>	<b>5 067</b>	<b>4 756</b>	<b>-1.4%</b>	<b>-6.1%</b>
Bruin	942	1 363	1 655	1 531	1 577	-4.7%	3.0%
Indiër	89	130	152	144	136	-10.5%	-5.6%
Swart	164	251	296	318	300	1.4%	-5.7%
Wit	2 728	2 745	2 720	3 074	2 743	0.8%	-10.8%
<b>Totaal</b>	<b>7 495</b>	<b>8 879</b>	<b>10 126</b>	<b>10 617</b>	<b>10 688</b>	<b>5.6%</b>	<b>0.7%</b>
<b>Registrasies</b>							
<b>Buite Wes-Kaap</b>	<b>1 417</b>	<b>1 640</b>	<b>1 953</b>	<b>2 082</b>	<b>2 058</b>	<b>5.4%</b>	<b>-1.2%</b>
Bruin	84	100	137	149	140	2.2%	-6.0%
Indiër	20	33	72	68	84	16.7%	23.5%
Swart	201	308	381	416	406	6.6%	-2.4%
Wit	1 112	1 199	1 363	1 449	1 428	4.8%	-1.4%
<b>Wes-Kaap</b>	<b>2 560</b>	<b>2 814</b>	<b>3 125</b>	<b>3 162</b>	<b>2 967</b>	<b>-5.1%</b>	<b>-6.2%</b>
Bruin	494	716	971	882	866	-10.8%	-1.8%
Indiër	46	62	71	65	66	-7.0%	1.5%
Swart	83	125	128	134	126	-1.6%	-6.0%
Wit	1 937	1 911	1 955	2 081	1 909	-2.4%	-8.3%
<b>Totaal</b>	<b>3 977</b>	<b>4 454</b>	<b>5 078</b>	<b>5 244</b>	<b>5 025</b>	<b>-1.0%</b>	<b>-4.2%</b>
<b>Registrasiekoers</b>							
<b>Buite Wes-Kaap</b>	<b>39.7%</b>	<b>37.4%</b>	<b>36.8%</b>	<b>37.5%</b>	<b>34.7%</b>		
Bruin	40.6%	38.6%	41.9%	46.1%	41.4%		
Indiër	9.6%	10.4%	11.9%	13.5%	13.8%		
Swart	32.4%	32.9%	30.2%	28.3%	23.4%		
Wit	43.8%	41.7%	43.9%	44.5%	43.9%		
<b>Wes-Kaap</b>	<b>65.3%</b>	<b>62.7%</b>	<b>64.8%</b>	<b>62.4%</b>	<b>62.4%</b>		
Bruin	52.4%	52.5%	58.7%	57.6%	54.9%		
Indiër	51.7%	47.7%	46.7%	45.1%	48.5%		
Swart	50.6%	49.8%	43.2%	42.1%	42.0%		
Wit	71.0%	69.6%	71.9%	67.7%	69.6%		
<b>Totaal</b>	<b>53.1%</b>	<b>50.2%</b>	<b>50.1%</b>	<b>49.4%</b>	<b>47.0%</b>		

Tabel 7: Getal en persentasie toegelate studente , getal registrasies, registrasiekoers per aansoekpunt en bevolkingsgroep

Toegelaat	Getal studente					Groeikoers	
	2012	2013	2014	2015	2016	2014-2016	2015-2016
<b>&lt;70%</b>	<b>2 795</b>	<b>3 286</b>	<b>3 556</b>	<b>3 698</b>	<b>3 015</b>	<b>-15.2%</b>	<b>-18.5%</b>
Bruin	653	856	1 055	931	902	-14.5%	-3.1%
Indiër	81	101	137	128	135	-1.5%	5.5%
Swart	438	619	726	851	793	9.2%	-6.8%
Wit	<b>1 623</b>	<b>1 710</b>	<b>1 638</b>	<b>1 788</b>	<b>1 185</b>	<b>-27.7%</b>	<b>-33.7%</b>
<b>70-79%</b>	<b>2 989</b>	<b>3 517</b>	<b>4 086</b>	<b>4 301</b>	<b>4 640</b>	<b>13.6%</b>	<b>7.9%</b>
Bruin	381	601	725	720	786	8.4%	9.2%
Indiër	124	168	299	282	282	-5.7%	0.0%
Swart	266	425	630	687	900	42.9%	31.0%
Wit	2 218	2 323	2 432	2 612	<b>2 672</b>	<b>9.9%</b>	<b>2.3%</b>
<b>≥ 80%</b>	<b>1 568</b>	<b>1 933</b>	<b>2 483</b>	<b>2 616</b>	<b>3 030</b>	<b>22.0%</b>	<b>15.8%</b>
Bruin	89	133	202	203	227	12.4%	11.8%
Indiër	90	167	321	236	326	1.6%	38.1%
Swart	59	119	202	249	340	68.3%	36.5%
Wit	1 330	1 514	1 758	1 928	<b>2 137</b>	<b>21.6%</b>	<b>10.8%</b>
<b>Totaal</b>	<b>7 352</b>	<b>8 736</b>	<b>10 125</b>	<b>10 615</b>	<b>10 685</b>	<b>5.5%</b>	<b>0.7%</b>
<b>Registrasies</b>							
<b>&lt;70%</b>	<b>1 324</b>	<b>1 523</b>	<b>1 695</b>	<b>1 780</b>	<b>1 414</b>	<b>-16.6%</b>	<b>-20.6%</b>
Bruin	251	366	524	467	446	-14.9%	-4.5%
Indiër	20	18	33	36	43	30.3%	19.4%
Swart	129	196	233	227	191	-18.0%	-15.9%
Wit	924	943	905	1 050	734	-18.9%	-30.1%
<b>70-79%</b>	<b>1 651</b>	<b>1 781</b>	<b>2 087</b>	<b>2 149</b>	<b>2 135</b>	<b>2.3%</b>	<b>-0.7%</b>
Bruin	249	350	443	438	421	-5.0%	-3.9%
Indiër	34	38	63	68	58	-7.9%	-14.7%
Swart	121	171	199	233	256	28.6%	9.9%
Wit	1 247	1 222	1 382	1 410	1 400	1.3%	-0.7%
<b>≥ 80%</b>	<b>872</b>	<b>1 007</b>	<b>1 296</b>	<b>1 313</b>	<b>1 461</b>	<b>12.7%</b>	<b>11.3%</b>
Bruin	54	71	141	125	130	-7.8%	4.0%
Indiër	11	29	47	29	49	4.3%	69.0%
Swart	23	40	77	89	81	5.2%	-9.0%
Wit	784	867	1 031	1 070	1 201	16.5%	12.2%
<b>Totaal</b>	<b>3 847</b>	<b>4 311</b>	<b>5 078</b>	<b>5 242</b>	<b>5 010</b>	<b>-1.3%</b>	<b>-4.4%</b>
<b>Registrasiekoers</b>							
<b>&lt;70%</b>	<b>47.4%</b>	<b>46.3%</b>	<b>47.7%</b>	<b>48.1%</b>	<b>46.9%</b>		
Bruin	38.4%	42.8%	49.7%	50.2%	49.4%		
Indiër	24.7%	17.8%	24.1%	28.1%	31.9%		
Swart	29.5%	31.7%	32.1%	26.7%	24.1%		
Wit	56.9%	55.1%	55.3%	58.7%	61.9%		
<b>70-79%</b>	<b>55.2%</b>	<b>50.6%</b>	<b>51.1%</b>	<b>50.0%</b>	<b>46.0%</b>		
Bruin	65.4%	58.2%	61.1%	60.8%	53.6%		
Indiër	27.4%	22.6%	21.1%	24.1%	20.6%		
Swart	45.5%	40.2%	31.6%	33.9%	28.4%		
Wit	56.2%	52.6%	56.8%	54.0%	52.4%		
<b>≥ 80%</b>	<b>55.6%</b>	<b>52.1%</b>	<b>52.2%</b>	<b>50.2%</b>	<b>48.2%</b>		
Bruin	60.7%	53.4%	69.8%	61.6%	57.3%		
Indiër	12.2%	17.4%	14.6%	12.3%	15.0%		
Swart	39.0%	33.6%	38.1%	35.7%	23.8%		
Wit	58.9%	57.3%	58.6%	55.5%	56.2%		
<b>Totaal</b>	<b>52.3%</b>	<b>49.3%</b>	<b>50.2%</b>	<b>49.4%</b>	<b>46.9%</b>		



Figuur 19: Faktorieladings van faktor1 (Afr, Media en kultuur) en faktor 2 (TeVer en Vervoer)